© Kopiereg

031 764 1972 (Suid-Afrika)
www.conquestaolympiads.com
conquest@iafrica.com

CONQUESTA 2020

Gryp die uitdaging!

Lewensoriëntering – Graad 9

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood *(sien voorbeeld 1 hieronder)*. Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word *(sien voorbeeld 2 hieronder)*.

Voorbeeld 1:-

4.	a	b		d

Voorbeeld 2:-

4.	a			d

1. **Om swak tydsbestuursgewoontes te verander, kan geskied deur ……**
(a) doelwitstelling. (b) verandering van jou houding.
(c) verantwoordelikheid te neem. (d) Al bostaande.

2. **Vryheidsdag in Suid-Afrika word gevier op ……**
(a) 27 April. (b) 27 Maart. (c) 1 Mei. (d) 16 Junie.

3. ***"Toe ek deur die deur gestap het na die hek wat na my vryheid sou lei, het ek geweet dat as ek nie my bitterheid en haat agterlaat nie, ek steeds in die gevangenis sou wees." (Oorspronklike bewoording was in Engels.)*** **Hierdie is 'n beroemde aanhaling deur ……**
(a) Albertina Sisulu. (b) Trevor Noah. (c) Nelson Mandela. (d) Jacob Zuma.

4. **Jou lewenstyl ……**
(a) bestaan uit jou gedrag en gewoontes.
(b) reflekteer dit wat jy op prys stel.
(c) reflekteer jou houding teenoor die lewe.
(d) Al bostaande.

5. **Beginsels en oortuigings aangaande goedhartigheid, en gegrond op wat reg en verkeerd is, is ……**
(a) waardes. (b) sedes.
(c) houdings. (d) aksies.

6. **…… verwys na die gebruike, idees en lewenswyse van 'n groep mense.**
(a) Kultuur (b) Familie
(c) Godsdiens (d) Vriende

7. **…… beteken die vermoë om met selfvertroue en eerlikheid te praat.**
(a) Passief
(b) Peinsend
(c) Selfgeldend
(d) Aggressief



8. **Om nuuskierig te wees oor dwelms en daarmee te eksperimenteer, mag veroorsaak dat jy ……**
(a) positiewe lewenstylkeuses maak.
(b) negatiewe lewenstylkeuses maak.
(c) gewoontes by jou portuurs.
(d) jou kultuur verander.



9. ***'Links'rums'*** **help om ingeligte keuses te maak. Dit beteken ……**
(a) die besluit is gedefinieer.
(b) die probleem is gedefinieer.
(c) die uitkoms is voorspel.
(d) daar is aan soveel moontlik idees gedink.

10. **Knap doelwitte is ……**
(a) Spesifiek, meetbaar, haalbaar, relevant en tydgebaseer.
(b) Vermoëns, meetbaar, haalbaar, realisties en tydgebaseer.
(c) Spesifiek, meetbaar, wakker, relevant en gereguleer.
(d) Spesifiek, mediagebaseer, haalbaar, realisties en deurdink.

11. **Die waarskynlikste manier om 'n seksueel oordragbare infeksie (SOI) te kry, is deur ……**
(a) iemand te omhels. (b) handdoeke en eetgerei te deel.
(c) onbeskermde seks te hê. (d) openbare toilette te gebruik.

12. **Inligting en ondersteuning help om gesonde keuses te maak. Dit kom van ……**
(a) vriende, gemeenskap, portuurs en alkohol. (b) familie, portuurs, vriende en kondome.
(c) gemeenskap, familie, vriende en dwelms. (d) familie, vriende, portuurs en gemeenskap.

13. **Voorbehoeding sluit in ……**
(a) dwelms, inspuitings en om 'n SOI te hê. (b) kondome, inspuitings en storte.
(c) onthouding, pille, inspuitings en spertoestelle. (d) HIV, pille en ander toestelle.

Voorbeeld

14. Kyk na die tabel hieronder. Watter jaar het die hoogste persentasie van vroue wat hul aan drank vergryp het?

(a) 2002 (b) 2008 (c) 2011 (d) Vroue vergryp hul *nie* aan drank *nie*.

Tabel 1. SA adolessente se alkoholverbruik volgens geslag: bevindings van die YRBS

	2002		2008		2011	
Alkoholverbruik	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik
Ooit alkohol gebruik, %	56,1	43,5	54,4	45,1	53,8	44,9
Huidige gebruik (afgelope 30 dae), %	38,5	26,4	40,5	29,5	36,6	28,2
Afgelope maand drankvergryping, %	29,3	17,9	33,5	23,7	30,3	20,1
Aanvangsouderdom < 13 jaar, %	15,8	9,0	15,3	8,6	16,3	8,7

Bron: http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S0256-95742016000600013

15. Individuele faktore wat mag lei tot ongesonde seksuele gedrag, sluit in ……

(a) swak selfagting, depressie en negatiewe portuurgroepsgedrag.
(b) behoefte om in te pas by portuurs, ouerlike toesig en betrokkendheid in 'n romantiese verhouding.
(c) onbetrokkenheid by skool, ouers wat deelneem aan riskante gedrag en swak skool.
(d) geen drome of visie vir die toekoms, afwesige ouers en negatiewe verhouding met onderwysers.

16. Kyk na die grafiek hieronder. Watter provinsie het die hoogste aantal laerskoolleerders wat swanger is?

(a) GT. (b) OK. (c) MP. (d) KZ.



Bron: https://www.google.com/url?sa=i&rct=j&q=&esrc=s&source=images&cd=&cad=rja&uact=8&ved=2ahUKEwjzmrL9yIDnAhXwylUKHVt9AI8Qjhx6BAgBEAI&url=https%3A%2F%2Fwww.pinterest.com%2Fpin%2F954200858411328311%2F&psig=AOvVaw3oEXDC2VjVXb5ksAw6Jidh&ust=1579004686002758

voorbeeld

17. Tienerjarige ouers en hul kinders ly[illegible]s gevolge van vroeë swangerskap. Babas sal meer waarskynlik …

(a) prematuur gebore word, 'n lae ge[illegible]egewig hê en swakker gesondheid oor die algemeen hê.
(b) nie die sorg en aandag kry wat hy/sy benodig nie en nie kos kry nie.
(c) bloedarmoedig wees en hoë bloeddruk hê.
(d) nie behoorlik ontwikkel nie en altyd aangeneem word.

18. Die veiligste wyse om jouself teen die ongewenste gevolge soos swangerskap, seksueel oordraagbare infeksies *(SOI's)* en MIV te beskerm, is om ……

(a) jouself te laat toets.
(b) slegs een seksmaat te hê.
(c) voorbehoeding te gebruik.
(d) jou te weerhou van seks.

19. 'n Persoonlike rekord van gebeurtenisse, ervarings en bepeinsings is 'n ……

(a) essay. (b) opsomming. (c) brief. (d) joernaal.

20. Die volgende is wyses om te lees:

(a) Hardop, beskrywend en vinnig. (b) Stil en kreatief.
(c) Skandeer, blaailees, noulettende lees. (d) Al bogemelde.